

Kersfees: Die koms van ons vryheid!

- Ds. Gys van Schoor

"Toe ... was ons slawe ... Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore ... om ons ... los te koop, sodat ons as kinders van God aangeneem kon word." (Gal 4:3-5)

Kersfees is die viering van die koms van ons vryheid, want Jesus beteken vryheid! Ons moet egter verstaan dat die bose ten alle koste ons van ons vryheid wil beroof. Wat beteken hierdie vryheid? En hoe werk die bose se aanslag op hierdie vryheid? Hoe staan ons vas in die vryheid? Hoe leef ons in hierdie vryheid?

Ons vryheid = vrygespreek! In Sagaria 3 word die toneel van 'n hof geskilder, met Jesua die hoëpriester wat aangekla word deur die satan. Dit is die werk van die satan om ons aan te kla ("satan" beteken "aankla"). En hy het gronde vir sy aanklag! Jesua se klere was liederlik bevuil. Ons *is* sondaars deur en deur!

MAAR ons lees dat die engel beveel: "Trek uit die liederlike vuil klere!" En vir Jesua het hy gesê: "Ek het jou jou sondes vergewe en Ek gaan vir jou skoon klere aantrek!" Dis die wonder van ons vrypraak! Romeine 3:23-24 sê: "Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus." Anders gesê: "God het ... ons al ons sondes vergewe ... Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem." (Kol 2:13,14) God het ons in Christus vrygespreek van AL ons sonde!

Die bose se aanslag: Hy het foto's geneem van ons ou vuil klere en fotostate gemaak van ons skuldbewys! Hy kom ons voortdurend aankla deur vir ons hierdie foto's en fotostate te wys. Hy bring voortdurend sondes wat ons gedoen het of wat ander aan ons gedoen het (seer, pyn, verwerping) voor ons en laat ons twyfel of God se genade groot genoeg is om dit te vergewe.

Hoe leef ons in vryheid? Ons mag nie die foto's en die fotostate glo nie! God het ons in Christus AL ons sonde vergewe! Elke keer as die bose met hierdie aanklag van ons sondes teen ons kom, moet ons ons vryheid in Christus bevestig deur te doen wat Jesus met die bose gedoen het, toe Hy in die woestyn deur hom versoek

is. Laat die bose die Bybel lees! (Lees tekste soos: Rom 3:23-24; Kol 2:13-14; 2 Kor 5:19-21 gereeld.) God se genade is groter as ENIGE sonde!

Ons vryheid = vrygemaak! Sonde het nie net 'n skuld en straf aspek nie. Sonde is ook 'n mag. Sonde kry op ons 'n houvas, kry ons in sy greep. Dit word duidelik in ons gewoontes: denkgewoontes, houdinggewoontes, gedraggewoontes, praatgewoontes. Jesus het ons vrygemaak van die houvas wat die sonde op ons het.

Die bose se aanslag: Hy hou ons onkundig. Baie kinders van die Here verstaan nog nie dat ons nie net vrygespreek is van al ons sonde nie, maar ook vrygemaak is van die houvas / mag van die sonde.



Kersprogram 2006

- Sondag 26 Nov. - KERSSANGDIENS - 19:00
- Sondag 17 Des. - KERSLIEDERE BY KERSLIG - 18:30 in die Gemeentesentrum
- Sondag 24 Des. - (Geen Aanddiens)
- Maandag 25 Des. - KERSFEES 08:00 en 09:15
- Sondag 31 Des. - OUJAARSDIENS (Nagmaal) - 19:00

Hoe leef ons as vrygemaakte mense? Ons moet iets weet: "Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde." (Rom 6:6,7) Ons moet iets *onthou*: "Julle moet dus altyd onthou dat julle vir die sonde dood is ..." (Rom 6:11) Ons mag dit nie vergeet nie! Ons moet iets *doen*! "Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer nie ..." (Rom 6:12) Ons moenie toelaat dat die sonde nog langer baas wees oor ons nie. Ons moet breek met sondige gewoontes. En ons KAN, want Jesus het ons vrygemaak van die houvas van die sonde. "Stel julle in diens van God ..." (Rom 6:13). Leef voluit vir die Here!

vervolg bl 3

Uit die Woord - Mensgeworde Woord

- Ds André van Wyk



uit die
WOORD

Kersfees is 'n wonderlike dag, veral vir gelowiges. Ons Verlosser het aarde toe gekom, Hy het mens geword.

Deur die jaar lê ons baie klem op Jesus se sterwe en opstanding, maar dis ook belangrik om te verstaan dat hierdie gebeure direk verband hou met sy menswording. "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon..." (Joh 1:14).

Interessant dat Johannes vir ons sê dat toe Jesus in die wêreld gekom het, die wêreld Hom nie erken het nie. Terwyl Hy na sy eiendom toe gekom het, het hulle Hom nie aangeneem nie (Joh 1:10-11). Dit herinner 'n mens nogal aan die swanger Maria en Josef se gesukkel om 'n plekkie te vind waar hulle kon tuisgaan in die donkerte van 'n afgeleë dorpie. Maar dan word die Jesuskind in 'n stal gebore en bring die lig van 'n ster die skaapwagters

(uitgestotenes) en besoekers (vreemdelinge) vanuit die ooste om "sy heerlijkheid te sien."

Verder verbind Johannes op 'n betekenisvolle manier waarheid en genade aan mekaar. Die waarheid van wat God van ons verwag, 'n gehoorsame lewe in die lig van sy Seun, waarvan Johannes die Doper getuig, is vol genade. Die Jesuskind het nie gekom om te oordeel nie, maar om te red; nie om reëls op te stel nie, maar om lief te hê; nie om mense in groepe te verdeel en te onderskei nie, maar om bymekaar te maak en te verenig. Kortom, die Woord het mens geword en onder ons kom woon.

Op Kersdag herdenk ons nie net die feit dat die Woord mens geword het nie, maar saam met Johannes jubel ons dit ook uit: "Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid" (Joh 1:14). Wie dit ontdek, vier fees, Kersfees, die fees van die Lig, die fees van die Woord wat mens geword het.



The Devil Wears Prada

- Ds Tinus van Zyl

In *The Devil Wears Prada* bevind 'n jong aspirerende joernalis, Andy Sachs, haarself in 'n nuwe werk, naamlik as tweede assistent van die redakteur van een van New York se top modetydskrifte, getiteld "Runway." Onmiddelik blyk dit dat Andy 'n reuse agterstand het, ten spyte van haar intelligensie en universiteitsopleiding, aangesien sy geen kennis of interesse in die modewêreld het nie. Sy dra ouderwetse klere, sy het nog nie een "Runway" oopgemaak nie en boonop het sy nog nooit vantevore die naam van haar befaamde nuwe baas gehoor nie – die gevreesde Miranda Priestly (briljant vertolk deur Meryl Streep). Baie gou word dit duidelik vir Andy gestel dat sy haarself geweldig gelukkig moet ag, aangesien daar miljoene meisies daarbuite is wat enige iets sal doen om hierdie werk te kry, wat in haar skoot geval het. Andy is egter nie so seker of sy dankbaar of spyt moet wees nie, aangesien haar baas 'n ysige, onbillike en ongenaakbare tiran is. As sy haar weer kan kry, moet Andy baie moeilike keuses maak: tussen haar werk en haar vriende, tussen 'n sjarmante joernalis en haar plat-op-die-aarde-kêrel, tussen die glans en glorie van faam en 'n lewe van integriteit. Alhoewel haar baas haar verseker: "Everybody wants to be us," is Andy nie seker of sy haar "nuwe self" wil wees nie.

Behalwe dat hierdie film sorg vir goeie humor en vermaak, laat dit 'n mens ook dink oor die ambisies wat jy najaag. Weereens kan ek nie help om aan die Prediker te dink nie. Elke ambisie wat hy nagejaag het, het hy bereik. Op die leer van sukses kon die Prediker geensins hoër klim nie. Daar aangekom, het hy egter met ontnugtering besef dat daar geen dieper betekenis of groter satisfaksie aan die bokant van die leer wag nie. In hoofstuk 2:20-

21 sê hy: "Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het. 'n Mens wat met wysheid en kennis gewerk en sukses behaal het, laat sy besittings na aan een wat glad nie daarvoor gewerk het nie. Dit is nie reg nie. Ook dit kom dus tot niks." Terwyl die samelewing ons probeer oortuig dat die doel van ons werk is om die bokant van die suksesleer te bereik, leer God ons dat die doel van werk, is om dit met integriteit te doen. Die vraag is nie watter hoogtes jy in hierdie lewe bereik nie, maar hoe jy dit bereik. Om enigins te kan werk, is 'n gawe uit God se hand, en daarom moet ons aan God rekenskap doen van die manier waarop ons te werk gaan. Prediker 2:24 sê: "Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het gesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is."



Jesus maak Vry

- Miekie Smith

My hele lewe lank soek ek vir vrede, alhoewel ek dit nie altyd besef het nie. Ek het dit gesoek in vriende, partytjies, prestasies, huwelik, gesin, blink motor, nuwe huis, ens. So het ek druk geplaas op my man om te presteer sodat ek kan "in" voel. Ek het in die kerk grootgeword sonder dat ek iets betekenisvol verstaan of beleef het.

Ek wil vandag daarvan getuig dat die Here die afgelope weke my vrygemaak het. Uiteindelik het ek werklik vrede in Jesus gevind. Ek ervaar dat Jesus besig is om my lewe te verander. Ek sien nou eers hoe leeg my lewe was. Vir die eerste keer maak die Bybel vir my sin, ervaar ek dat God in die eredienste met my praat, ervaar ek God se teenwoordigheid in my elke dag se lewe. Ek is besig om te leer om elke dag na God te luister en wanneer ek verdwaal, ervaar ek dat Hy met 'n sagte hand my teruglei.

Kersfees alleen - herinnering aan ons afgesterfde geliefdes

- Ds Freek Serfontein

Kerstyd val in Suid-Afrika in die somervakansie. Oor die algemeen is dit 'n vrolike tyd waarin baie mense met vakansie is. Alhoewel Kersfees een van ons groot Christelike feeste is, het dit met verloop van jare ook die karakter van families wat saamtrek, gekry. Vir mense wat iemand deur die dood verloor, is dit dan 'n groot aanpassing om Kersfees voortaan sonder so 'n geliefde te vier.

Al sou almal anders weer bymekaar wees, is daar in sulke gevalle 'n gemis, wat niemand kan ontken nie. 'n Mens weet maar te goed dat jou vurigste verlange die oorledene nie kan terugbring nie. Dit is asof niks die verlange na 'n afgestorwene in die feestyd kan keer nie. Mense het al vir my gesê dat hulle glad nie na Kersfees uitsien nie en wens dat hulle dit op 'n manier kan vryspring.

Met verloop van jare het ek al hoe meer begrip vir so 'n stelling ontwikkel. Dit gebeur soms dat ek aan iemand dink wat reeds oorlede is. Ek was maar net predikant en vriend, maar ek verlang na die betrokke oorledene. Hoeveel moeiliker moet dit nie vir hulle wees wat veel nader aan die oorledene was nie? En hoeveel moeiliker moet dit nie in die kuier- en saamweestyd wees nie?

Ek het na die lang lys name gekyk van mense uit ons gemeente waarby ek vanjaar betrokke was. Daar was mense wat lank siek was soos Elsie Lombaard en Nellie Christowitz. Daarteenoor is Alf Kônig en Jim Roffey onverwags dood. Elize van der Westhuizen en Danie Louw het ouer as die Bybelse "baie sterk" geword, maar André Fourie het in die fleur van sy lewe gesterf. Twee mooi mense (man en vrou) is skaars 3 maande na mekaar dood – Charles en Dottie Marais. Nog 'n familie waar twee lede minder as 'n maand uit mekaar gesterf het, is die Swanepoels waar eers Christa en daarna haar pa, Steve, oorlede is.

Dis vir familieledes van hierdie mense, maar ook van ander afgestorwenes, vir wie ons baie sterkte wil toewens. As families wat nog bevoorreg is om DV met Kersfees saam te wees, sal ons aan julle dink. Veral sal ons vir julle bid. Mag die nabyheid van die Here vir julle in die feestyd 'n werklikheid wees. Mag julle in die feestyd meer as ooit ervaar dat die Here se liefde en ontferming julle dra en versterk. En mag daar mooi herinneringe by julle opkom wanneer julle aan hulle dink wat nie meer by ons is nie.

"Kersfees: Die koms van ons vryheid!" Vervolg van bl 1

Vrygemaakte mense baklei nie teen die sondige gewoontes in hulle lewe nie (Onthou: ons is klaar dood!) Ons fokus op die nuwe gewoontes wat die Heilige Gees vir ons aanleer! Hierdie "weet, onthou, doen" is iets wat ons elke dag moet inoefen. Ons moet fiks word hierin!

Ons vryheid = aangeneem as God se kinders! Om vrygespreek en vrygemaak te word staan eintlik in diens van 'n groter doel, naamlik om as kinders van God aangeneem te word en as kinders van God te lewe. Om kind van God te wees is ons diepste vryheid! Daarom sê Paulus in Gal 4:7 dat ons moet onthou dat ons nie meer slawe is nie, maar kinders van God.

Die bouse se aanslag: Hy val ons aan op ons nuwe identiteit. Hy wil ons laat twyfel oor ons nuwe identiteit: dat ons kinders van God is. Hy kom weer met foto's en fotostate, Hy laat herleef negatiewe ervarings en verlei ons om ons kindskap te laat funksioneer op die basis van ons prestasies. En dan kom kla hy ons aan. Die Bouse se aanslag gaan ook verder deur ons vas te hou in 'n slaaf-mentaliteit of -gesindheid: dit gebeur wanneer ons die genadebasis van ons

verhouding met God prysgee vir 'n verdienste- of prestasie-basis. Dit gebeur wanneer ons dink ons verhouding met God word bepaal deur ons goeie daade. As dit gebeur loop ons heelyd met skuldgevoelens rond en verloor ons ons vryheid.

Hoe leef ons as vrygemaakte kinders van God? Kindskap is nie iets wat ons verdien of bereik nie. Kindskap is die vrye geskenk van God aan sondaars soos ons. Dit is God wat ons uit genade alleen aanneem as sy kinders (Gal 4:5). Die Gees leer ons "Abba" sê: dit beteken: Pappa! Terwyl die satan ons aankla, roep die Gees in ons ABBA!!! Die Gees leer ons om met vrymoedigheid voor God en met God te leef, in 'n verhouding met God te lewe, met God as ons liefdevolle, genadige Vader. Die ontwikkeling van hierdie verhouding is van die uiterste belang vir die voortdurende lewe in vryheid. Die eerstehandse leerken van God se liefde in Jesus Christus is om vryheid te ken.

Ons vier Kersfees wanneer ons in hierdie vryheid leef waartoe Christus ons vrygemaak het.

Geseënde Kersfees!

Fisantekraal

- Mariëtte van der Westhuizen

Ons betrokkenheid as gemeente by Fisantekraal staan op 2 bene. Die eerste been is ons betrokkenheid deur middel van BADISA se Bellville Maatskaplike kantore en die tweede is ons betrokkenheid deur middel van gemeenskapsleiers in Fisantekraal – Monica en Tiny.

EERSTE BEEN : MAATSKAPLIKE WERK

Die maatskaplike werkers stuur elke maand 'n "Wish List" met hul vernaamste behoeftes waarby gemeentes betrokke kan raak. Na oorweging en gebed voorsien ons dan uit ons Fisantekraal-rekening die nodige befondsing vir spesifieke behoeftes of kanaliseer behoeftes na onderafdelings in ons gemeente. As voorbeeld het ons ons jeug betrokke gemaak by die verskaffing van persoonlike higiëne-items aan 5 tienerseuns en 5 tienerdogters wie se ouers nie die fondse het om daaraan aandag te gee nie. Daar is ook al 'n voertuig se herstellkoste betaal sodat die maatskaplike werksters hul pligte kan uitvoer en in September is 'n aantal oumense van Fisantekraal (wat nog selde of ooit uitgeëet het nie) geborg vir 'n bederf-ete by die Spur.

Op hierdie manier het ons ook 'n 6-jarige gestremde dogtertjie begin help en by haar huislike lewe betrokke geraak. Dit gaan goed met haar fisieke omstandighede en sy doen nog elke dag fisioterapeutiese oefeninge tuis

verantwoordelikheid die geletterdheid van die kinders is. Die maatskaplike werker daarmee gemoeid, gaan ook by die gemeenskapsforum (wat gestig is om al die bedrywighede in Fisantekraal te koördineer) betrokke raak en indien daar later gemeentelike benodig word, sal dit deurgegee word.

TWEEDE BEEN : DIREKTE KONTAK BY DIE GEMEENSAP

Twee gemeenskapsleiers, Monica en Tiny, het ons kerk se Omgeediens gekontak en tydens 'n vergadering behoeftes



uitgespel waarby die maatskaplike kantore nie kan uitkom nie. Daar is besef dat ons as gemeente sodoende meer op vloervlak by die gemeenskap kan betrokke raak. Uit bogenoemde vergadering het die volgende al voortgespruit:

Huis-crèches is begin deur vrouens van die gemeenskap om kleuters wat bedags alleen gelaat word of op straat rondwaal, te voed en te leer. Van die 5 groepe wat begin het, is 4 nog aktief en positief besig met die kleuters. Die getalle wissel van 5 tot 25 in 'n huis.

Die juffrouens het almal 'n kursus geloop om hul toe te rus vir hul taak. Die kleuters ontvang baie liefde en leiding en dis verstommend om die gehoorsaamheid en dissipline in die groepies te sien. Sommige kleuters se kleres word ook deur die juffrouens gewas en versorg. Elke groepie het sy eie behoeftes en daaglikse gebede nodig. Ons begeerte is dat elke groepie deur 'n selgroep of ander groepe "aangeneem" word en sodoende prakties betrokke kan raak. Een van die kleuters is nou onlangs deur 'n vragmotor op die sypaadjie doodgery, oppad huis toe saam met 'n familielid. Die ouers het geestelike ondersteuning en berading nodig en 'n groep wat betrokke is kan daar van groot hulp wees. So is daar nog baie maniere waarop ons mekaar se hande kan vat en die laste van die

om haar balans en postuur te verbeter. Sy word ook periodiek Tygerberg hospitaal toe vervoer vir opvolg oefeninge en nuwe huiswerk. Dit lyk asof sy van volgende jaar af by die kleuterskooltjie in Fisantekraal gaan inskakel. Haar nuwe pleegma begin nou ook haar onderhoud kry sodat die finansiële las ligter raak.

Die skoolgereedheidsprogram waarby ons betrokke wou raak, is teruggegee aan die skool. Hulle het 'n onderwyser wie se

vervolg bl 5

Getuienisweek

- Ds André van Wyk

Ons gemeente se gesamentlike Getuienisweek met Bergsig-gemeente en die VGK Durbanville het hierdie jaar in Oktober by die VGK Durbanville plaasgevind. Biskop Frank Retief het die aande gelei en ons is werklik geïnspireer deur sy suiwer verkondiging van die evangelie. Heelwat lidmate het gereageer op die uitnodiging om Christus aan te neem of 'n hertoewyding aan die Here te maak en daarvoor dank ons God. Na elke aand se diens is daar heerlik saam gekuier met sop en broodjies en was daar ook verskeie uitstallings van sending- en uitreikaksies, asook van verskillende bedieninge deur gemeentes.



uitreikaksie van die drie gemeentes se jongmense wees. Verder is ook besluit om net voor die Getuienisweek in 2007, C-Kruis vir 'n week na Durbanville te nooi om die jeug te bedien. C-Kruis, wat al voorheen deur ons gemeente genooi is, is 'n getuienisaksie wat

Die Sondaggaand het die drie gemeentes se jeug bymekaar gekom en twee baie wonderlike dinge het gebeur. Eerstens het hulle besluit om in die Junie/Julie skoolvakan-



sie 'n gesamentlike uitreik na Decoligny in die Transkei te onderneem. Ons gemeente het reeds die afgelope twee jaar met ons jeug soontoe uitgereik. Hierdie sal die eerste gesamentlike

die evangelie aan jongmense oordra deur middel van die uitvoerende kunste, dit wil sê dans, drama en musiek. Dit belooft om 'n wonderlike geleentheid te wees, wat nie net ons jongmense se harte kan aanraak nie, maar ook ons drie gemeentes saam kan snoer.

Tydens die Getuienisweek word daar ook fondse ingesamel vir 'n spesifieke projek of bediening, en hierdie jaar het ons besluit om die fondse aan die JC Nasorgsentrum in Morningstar te bewillig. Die Here het ons wonderlik geseën en dit was voorwaar 'n voorreg om 'n tjek ten bedrae van R8 929.43 aan hulle te kon oorhandig.

Dankie aan almal wat op een of ander manier bygedra het tot hierdie jaar se Getuienisweek! Getuienisweek 2007 vind op 7-10 Oktober hier by ons gemeente plaas en Dr. Ben du Toit sal DV die gasspreker wees. Sien julle daar!

"Fisantekraal" Vervolg van bl 5

lewe kan ligter maak. Ons het ook nog 'n behoefte om Wendyhuise by die crèches op te sit, sodat die speel en werkareas vergroot kan word.

Daar is ook 'n voedsel-behoefte geïdentifiseer omdat baie van die ouers niks of baie min geldelik bydra tot die crèches. Ons het toe by "Fruit and Veg" winkels gaan aanklop. Voorrade wat nie meer op die rakke mag wees nie, maar nog reg is vir menslike gebruik, word nou elke Maandag (die laaste maand ook op ander dae) daar opgelaa en by Monica se huis afgelaa. Sy versprei dan die kos na die ander groepies toe en ook na die ou mense of gesinne wat honger ly. Dankie vir die mense wat geskakel het om behulpsaam te wees met die vervoer van die voorrade deur hulself en hul bakkies beskikbaar te stel. Sodoende kan ons meer items vervoer as wat in die gewone motor kon inpas.

"JR Daycare for the elderly" is 'n projek wat begin is om bejaardes te versorg en 'n veilige plek te hê waar hulle bedags kan ontspan en hulp ontvang. Baie van die oumense word maar aan hulself oorgelaat en hulle kan nie altyd na hulself kyk of hulself versorg

nie. Kos, medisyne, uitstappies en vervoer na doktersafsprake is van die aksies waarmee gehelp word. Indien daar mense is wat by hierdie aksie betrokke wil raak kan u 'n finansiële bydrae maak. Dit kos omtrent R100 per maand per persoon om aan al die behoeftes te voorsien.

Daar is nog terreine in Fisantekraal wat deur die omgeediens hanteer word, byvoorbeeld die saaltjie wat opgerig is waarin dienste op Sondag gehou word.

So dikwels is ons so besig met ons eie goed en onself dat ons nie regtig stilstaan om aan ander rondom ons te dink nie. Daardeur mis ons baie keer seën wat die Here deur ons aan ander en ook aan onself wil gee. Bid en vra of jy of jou gesin, of jou kleingroep, nie betrokke moet raak nie. Mense wat die plekke wil gaan besigtig is ook welkom om te skakel en dan kan die nodige reëlings gertref word.

Kontakpersone: Mariëtte van der Westhuizen 021 979 4737 / 082 5952961 of Ds André van Wyk 021 975 6370

God stuur Ons

- Johan Benadé

Oor die afgelope twee jaar het ons as gemeente erns gemaak met die vraag: Na wie stuur die Here ons? Tydens Pinkster 2005 het dit vir ons duidelik geword dat ons gestuur word na mense wat nie 'n persoonlike verhouding met God het nie. Aangesien dit steeds 'n baie wye groep mense insluit, probeer ons as gemeente onderskei of daar nie 'n meer spesifieke groepering is, na wie die Here ons op 'n besondere wyse stuur nie.

As deel van hierdie luisterproses het 'n groep kerkraadslede navorsing gedoen oor die nood van Durbanville, deur 'n verskeidenheid organisasies te nader: plaaslike regering, skole (insluitende plaasskole), sielkundiges, maatskaplike werkers, Durbanville kliniek, polisie en sekuriteitsdienste. Daar is gefokus op Durbanville, Morningstar, Fisantekraal, asook die omliggende plase. Ons het hierdie instansies genader met twee vrae: 1. Waar sien julle nood raak? 2. Hoe kan ons as Durbanville Gemeente 'n bydrae in die nood lewer?

Die resultaat van die navorsing het hoofsaaklik een tema gehad: **Disfunksionele gesinne**. Probleme ontstaan as gevolg van gesinne wat nie meer 'n vaste basis het waarop hulle hul besluite baseer nie.

- o **Rykdom** en weelde dryf huidige besluite. Kinders is ingestel op "instant gratification." Ouers betoon liefde deur hul kinders met geld toe te gooi.
- o **Armoede**: Onvoldoende fasiliteite vir kinders terwyl ouers werk. Kos en ander materiële nood in Morningstar en Fisantekraal.

- o **Werkslading**: Ouers word so ingeslurp met hul verantwoordelikhede by die werk, dat hul nie tyd het om aandag aan die gesinsverhoudings te gee nie.
- o **Integriteit**: Die waarheid word verdraai, afhangende in watter gehoor ek my bevind.
- o **Seksuele perversiteit**: Ouers sukkel om in hul huweliksverhouding gesonde behoeftes te vervul. Dit lei tot allerlei vorme van seksuele perversiteit waar die internet 'n groot rol speel.
- o **Seksuele perversiteit**: Kinders het 'n skewe beeld van seks ontwikkel. Dit word gedryf deur verskeie faktore: internet, selfone (mixit), ouer-verhoudings, media.
- o **Groepsgedrag**: Kinders sukkel om gesonde groepe te vind en binne die groepe hul behoefte te vervul. Die druk om deel te wees van die "crowd" wat "clubbing" en "drinking" doen, is geweldig sterk. Drankmisbruik onder Durbanville se jeug en volwassenes is skrikwekkend.
- o **Verbrokkelde gesinne**: Daar kort ondersteuning aan enkel ouers: finansieel asook emosioneel. Ouers wat nie kinderoppassers kan bekostig om vir hulself tyd te gee om by netwerke, bv. kerkaktiwiteite of ander, betrokke te raak nie.
- o **Ouer-wees**: Wat beteken dit om Pa / Ma te wees in vandag se konteks? Hoe betoon ek liefde aan my gesin? Wat beteken dit om 'n rolmodel vir my kind te wees?
- o **Medies**: Kos word benodig vir Vigs en TB pasiënte wat behandeling kry by die kliniek.

Deur na ons konteks te luister, het ons as kerkraad opnuut besef: God se hart *breek* vir die mense wat elke dag rondom ons leef. In afhanklikheid van die Heilige Gees en as dissipels wat gehoorsaam is aan die Woord, sal ons as gemeente nuwe risiko's moet neem, indien ons 'n verskil in Durbanville wil maak!

Die Sig sal volgende jaar net een keer per kwartaal verskyn, weens 'n tekort aan fondse.

REDAKSIE

SIG word uitgegee deur Durbanville Gemeente vir sy gemeentede. Stuur bydraes, voorstelle en kommentaar aan die redakteur by Durbanville Gemeente Kerkkantoor.

Besturende redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Medewerkers: Amanda Matthee
Mariëtte Steyn
Ds Rian Verster
Julia Fourie

Administrasie: Jackie Pretorius

Adres:
Posbus 107, Durbanville 7551

Telefoon: (021) 975-6370
Faks: (021) 976-7109

www.durbanvillegemeente.co.za

SALON BEAUTY EXTREME

By Salon Beauty Extreme kan jy jouself omhels met weelderige versorging en gesigbehandelings, asook ons nuwe YUMMY WAKS – Heerlike sjokolade geure.

Ons bied ook masserings, sonbed en vele ander skoonheidsbehandelings.

Kom probeer ons "REJUVENATOR NON SURGICAL FACE-LIFT" behandeling en lyk 10 jaar jonger.

Vir navrae en afspraak kontak AMELDA ons mikrostrom en skoonheids spesialis by:
Sel: 0824103927 • Tel: 021 9762818
Durbanville Apteek, Midville Sentrum
Wellington weg, Durbanville

Kinderbediening: 2006 lê op sy rug

- Franci van Zyl-Nel

Soos sand wat deur 'n uurglas gly het hierdie jaar so stil-stil verbygegely en staan ons alweer in verwondering voor die Kersfees liggies en opgemaakte winkelvensters. En jy wonder baie keer so in jou stilte: "Watse verskil het ek hierdie jaar gemaak?" of: "Was daar enige groei en ontwikkeling?"

As ek so bietjie 'n terugblik kan gee op hierdie jaar en wat alles vir my uitgestaan het, dan wil ek graag die volgende deel. My persoonlike hoogtepunt was natuurlik my en Wihan huweliks-bevestiging in April! Nou kan ek ook saamgesels as daar gepraat word oor die feit dat 'n 3 dubbele tou net baie sterker is as 2!

Nog 'n hoogtepunt is 'n kinderhuiskind met die naam van Nthetheleli. In die middel van verlede jaar het 'n skaam, teruggetrokke 13-jarige seun, hier in my kantoor kom sit vir sy eerste kitaarles. So 'n rukkie gelede het hierdie selfde seun op sy eie 'n "opvoering" gegee by 'n Gholfdag vir fondsinsameling vir die kinderhuis.

Hy het so vinnig gevorder dat hy nou besig is om my te help om nog ander kinders in die kinderhuis ook te leer om kitaar te speel, en in sy stilligheid oefen hy om volgende jaar deel van ons kerk se orkes te word. 'n Ware inspirasie!

Soos verlede jaar was die Kinderpinkster weereens hierdie jaar een van die lekkerste gebeure op ons kalender en het ons speel-speel die boodskap van Pinkster met ons kinders gedeel.

Een van die nuwe dinge wat ons probeer het hierdie jaar was die Sondagskool ouerbeseke en die positiewe insette wat ons ontvang het na so 'n kuiersessie was baie aanmoedigend.

Nog 'n eerste was 'n lekker saam kuier en braai geleentheid vir al ons Sondagskool personeel en hulle gesinne. Hier kon daar lekker langbeen om 'n vuur gesit word, terwyl al die



interessantede van die jaar met mekaar gedeel is.

My terugvoer sal nie behoorlik afgesluit wees, as daar nie ietsie gesê word oor ons graad 7 kamp wat op 28 - 30 November by die Back2Basics kampterrein gaan plaasvind nie. Al die graad 7 Afrikaanse en Engelse kinders van Durbanville Laerskool (±200 kinders) gaan hierdie 3 dae saam met ons op 'n Christelike avontuurkamp deurbring. En wat sal 'n avontuurkamp dan nou wees sonder modder, buitestorte, tente en 'n hele klomp uitdagings!

Al hierdie dinge sou verseker nie kon plaasvind as daar nie 'n hele klompie vrywilligers was wat bereid was om hulle tyd en energie in ons kinders te belê nie. So ek wil net vir almal wat hierdie jaar betrokke was by enige van ons kinderaktiwiteite, sê: **BAIE DANKIE!! Julle is FANTASTIES!!**

Uit die jeugkantoor wil ek vir een en almal 'n geseënde Kerstyd toebid. Rus lekker uit en ek sien baie uit na al ons nuwe uitdagings wat ons saam in 2007 gaan aanpak.

Jeug: Hoogtepunte dié jaar

- Christi Thirion

Wat 'n jaar! As ek maar net dink met hoeveel huiwering en versigtige optimisme ons die nuwe jaar aangepak het en wat in dié tyd alles gebeur het, kan ek met 'n asem wat jaag en strome sweet op my voorkop 'n paar hoogtepunte uitlig.

Indien ons kyk na die aktiwiteite en nuwe inisiatiewe soos die Decoligny Uitreik, die geleentheid vir belydenis van geloof, die nuwe graad 7 bediening & kamp, die getuienisweek se jeugaand en die eXtreme Week met al die gesamentlike aksies wat daaruit gebore is, staan mens in woordelose verstomming! Dan het ons nog nie die JAM-aktiwiteite of die beradingskantoor by Hoërskool Durbanville genoem nie. Ook is dit nie die einde van die jaar se hoogtepunte nie, want die Outeniekwa stap lê nog voor.

Die grootste hoogtepunt is egter nie die groot hoeveelheid aktiwiteite of die hoeveelheid jongmense wat bereik is nie. Die grootste hoogtepunte was jongmense wat in 'n verhouding met

Jesus Christus gekom het. Die paar verbintenisse en verdiepings wat ek gesien en beleef het hierdie jaar is vir my dié hoogtepunt. Dit is wonderlik om te sien hoe jongmense se harte breek vir die pyn en seer in hulle portuurgroep se lewens, of hoe die Here hulle harte aanraak deur die eenvoudige, maar harde lewe in Transkei, of die impak van slaap onder die sterre en saam kosmaak in die buitlug op die belewenis van God se genade en versorging.

Ons wonder so baie kere of die Here besig is in ons gemeente se jeugbediening en of dit die moeite werd is om soveel geld uit te gee vir 'n bediening wat, in terme van erediens bywoning, so min dividend lewer. Tog is die impak van ons jeugbediening juis daar waar ons dit wil hê, daar waar die jongmense is en leef. Ons kan seker wees dat die Here in die harte van Durbanville se jongmense werk, al wonder ons grootmense daarvoor. Dus kan ek met uitbundigheid en opgewondenheid verklaar dat die seën van die Here oor ons bediening vir my sonder twyfel die hoogtepunt van 2006 is!



Bobbie Jooste

- Ds Freek Serfontein

Bobbie Jooste is een van die mense wat nie op die kantlyn kan sit nie. Hy was nie lank lid van ons gemeente nie of hy word as herderleier in sy wyk aangewys. Loop 'n mens op sy spore terug, ontdek jy dat dit maar altyd 'n kenmerk van sy lewe was. Oral waar hy gekom het, het hy by kerkrade betrokke geraak. Eers was hy diaken en toe sy hare minder word, het hy na die ouderlingbank oorgeskuif. Vir baie jare moes sy vrou, Ina, alleen met hulle kinders in die kerk sit.

Bobbie is een van die lidmate wat nog uit die era van "die 14 daekatkisasie" kom. Dit was juis tydens dié katkisasie onder die destyds bekende dr AGS Gous, dat die liefde van die Here vir hom 'n werklikheid geword het. Sy dankbaarheid teenoor die Here vir die wonder wat met hom gebeur het, was so groot, vertel Bobbie, dat dit tot vandag nog deel van sy lewe is.

Hier by ons het Bobbie seker van sy grootste werk verrig. In sy wyk as herderleier het mense hom leer ken as pligsgetrou. Sy liefde vir mense en uitstekende sin vir humor het hom geliefd gemaak. Sedert 2003 was hy voorsitter van die kerkraad. In dié tyd het hy baie ure saam met die predikante en kerkraadslede deurgebring. Hy was ook altyd deel van strategiese beplanningssessies. Die personeel in die kerkkantoor het hom leer ken as die bekwame

bestuurder wat simpatiek met hulle gepraat en na hulle geluister het.

In enige vergadering was Bobbie goud werd. As voorsitter het hy altyd gesorg dat alle teenwoordige lede geleentheid kry om te sê wat hulle dink. Besluite wat geneem is, was altyd weldeurdag en goedberedeneerd. Die notules van sy vergaderinge was altyd bondig en duidelik.

Vir die predikante was Bobbie soos 'n wyse ou vader. Dit was nie net sy kalm en rustige manier van leiding wat ons veilig laat voel het nie. Ons kon verseker nie sy kinderlike afhanklikheid van die Here miskyk nie. Ons het geweet dat hy nie net soms snags wakker gelê het wanneer die begroting nie wou klop nie. Nee, hy het op sy eie en saam met ons gebid. Ons predikant-vergaderings het hy in "luister-na-die-Here" en "praat-met-die-Here-sessies" verander.

Al hierdie dinge het hy gedoen terwyl dit die seën van sy vrou, Ina, weggedra het. Dankie, Ina dat jy hom vir ons gegun het en hom in alles ondersteun het. Bobbie, ons sal nie vergeet wat jy ons geleer het nie. Ons bid jou en Ina die seën van die Here toe.



'n Woensdag met 'n Verskil!

- Esther Blackaller

Die jaarlikse senior burger onthaal vind gewoonlik elke laaste Woensdag van Oktober plaas. 'n Belangrike afspraak om te onthou! Saam met kreatiewe gasvroue is hierdie funksie elke keer 'n besondere hoogtepunt van die jaar. BAIE DANKIE!

Vanaf 1998 het bekende kunstenaars ons senior burgers op luisterryke en treffende wyses getrakteer: kunstenaars soos aktrise Wilna Snyman, sopraan Mariece Otto, tjellis André van Daalen (lid van "Licence to Barock" kwartet), Annalise Wiid, Zanne Stapelberg en Alwena van der Vyver. Hierdie jaar het die nimlike ds Johann Symington op komiese en deernisvolle wyse "ouer word" as tema behandel. As befaamde spreker wat soos 'n towenaar sy woorde gebruik, het hy elkeen van die 235 senior burgers geboei. Ek deel kortliks iets van die wyskede:

Jy moet jousef ken. Niks weerhou jou daarvan om te doen wat jy graag wil doen nie. Behou jou ywer en entoesiasme. **Hou meer van jousef.** Let daarop dat jy nie vereensaam juis omdat dit onaangenaam is om by jou te wees nie. **Leer om te luister.** Stel opreg belang. Maak dit lekker vir jou kinders, kleinkinders en ander mense om by jou te wees. **Wees jousef.** Behou perspektief om elke dag sinvol te leef. Ouderdom



definieer nie wat in jou binneste aangaan nie, jy bepaal dit. **Elke dag is 'n nuwe dag.** Gaan jy ophou kla en nuwe krag en genade in die dag benut? Wees vindingryk, jy is nie te oud om *enigiets* nuuts te leer nie. Leef jou ideale uit. Oefen jou brein. Leer byvoorbeeld 'n nuwe taal of wiskunde aan. Daar is altyd iets in die wêreld waaroor jy meer kan weet. **Versorg jou liggaam.** Jou liggaam het die vermoë om homself te hernu deur te dans of gepaste oefeninge te doen. **Hou op om terug te kyk:** "Waar is die vleispotte van Egipte?" Ek het nou steeds 'n aandeel en verantwoordelikheid in die land om 'n positiewe bydrae te lewer en dit 'n beter plek vir almal te maak.

'n Regverdige mens dink nie aan ouderdom as sleg nie, eerder om geslagte te lei. Dit is nie 'n wêreld wat om my ontplof nie, want jy bly by met tegnologie en op hoogte met die nuus. Wees bereid om te verander en moenie dit vrees nie. Hoe gaan jy jou Koning ontmoet? Geniet die ryppword jare! Jy het aangekom in die fleur van wie jy is. Dis lente, laat die somer kom!

Ek sluit af met 'n aanhaling van CJ Langenhoven: "Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak: die liefde wat ek gegee het en die liefde wat ek gekry het." Laat ons mekaar gedurig hiermee DIEN!